NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 18 JANUARIE 2007 TE BYBELHUIS, PE, VIR STRATEGIESE TEOLOGIESE BEPLANNING

1. OPENING

1.1 Chris van Wyk lei die opening. Die vergadering gaan deur 'n stilword-proses. Hy lees Psalm 36:1 en gaan voor in gebed.

1.2 Terugvoer oor die stil-word en omgaan met die teks:

- *Indescribable* is 'n DVD wat handel oor die grootheid van God na aanleiding van fotografering van die hemelruim. Ons het nie 'n idee van die grootheid van God nie.
- Pa en dogter-storie: my dogter is ontuis in die spiritualiteit waarin ons nog altyd geleef het. My bede is dat die kerk vanuit God se genade nie sal doodloop nie, nog altyd ruimte sal gee vir jongmense. God se trou, die verbondsbeloftes, die doop, maak dit vir my moontlik om my dogter in God se hande oor te gee.
- Die kerk sit dalk nog by 'n swart en wit TV en nie by moderne hoë-definisie TV nie. Die tabernakel waar God die gawe van kuns gegee het om dit in te rig, het eintlik op interaktiewe *surround-sound* berus. 'n Aktiewe wag op die Here.
- *Relationship is the soul of the universe*: Leonard Sweet. Help mense om in 'n volkleur verhouding met God te wees.
- Die beliggaming van die evangelie deur naby mense te begin leef, maak 'n geweldige verskil. Die verhaal van 'n ateïstiese vrou wat 'n verhouding met gelowiges ontwikkel en nou geloofsvrae begin vra, word vertel.
- Dissipelskap is iets wat liggaamlik uitspeel en uitgewerk moet word. Om in jou liggaam tuis te kom en God te leer ken.
- Jy sit lekker in jou vel - 'n Hollandse uitdrukking - om vrede te ervaar. In die lig van God se trou is bekommernis nie so groot nie.
- *For fast acting relief, try slowing down*.
- Dalk deel van ons bediening om mense te help om rustig te lewe, nie so geweldig gedrewe nie. Dit het te make met hooploosheid om so gedrewe te wees en dit te wil maak.
- Hoe om verhoudinge met God en mekaar te vind wat ons help om God se rus te beleef. Afrikaners sukkel om vennootskappe met ander te sluit wat help in tye van krisis.
- Predikante is gewoonlik altyd besig om die Bybel en materiaal gebruik om oor God te praat - eerder as net om God te dien en te aanbid.
- "Dat God aan ons dink": 'n troostende gedagte.
- Teologie kom voor etiek = sodra die verhouding omgedraai word, is dit moralisme.

1.3 Samevatting

1.3.1 Gesprek het gehandel oor God - wat aan ons dink en met ons besig is;
1.3.2 Jongmense is belangrik - volkleur-ervaring van God;
1.3.3 "Om bewus te lewe";
1.3.4 Leer by ons kinders - beweeg van bekommernis oor hulle na leer by hulle;
1.3.5 Verhoudinge in die lewe van God - intiem met Hom en mekaar;
1.3.6 Liggaamlikheid is belangrik - kom tot rus en wees *real*;
1.3.7 Sabbatsrus: om God se rus sodat ons kan wandel in die werke waarvoor Hy ons voorberei;
1.3.8 Rus - Hoor - Leef.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJdeG Schutte – Voorsitter
Dr ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk
Ds PL Louw
Ds CH van Heerden – DL Finansies

2.2 Adviserend

Dr J Viljoen – Direkteur Administrasie

2.3 B-Net - op uitnodiging

Ds BIC Steyn
Dr JF Marais van BUVTON woon die vergadering ook op uitnodiging by.

2.4 Reiskostevorms

Die DA hanteer die reiskostevorms.

3. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

3.1 Die volgende Bylae word by die sakelys gevoeg:

- Pt 5.6 Rekonsiliasie van salarisrekening met Bylaag E
- Bylaag A by pt 5.4.1
- Bylaag B by pt 4.1
- Bylae C.1 en C.2 by pt 5.2
- Bylaag D by pt 5.3

4. PROSES VAN STRATEGIESE TEOLOGIESE ONDERSKEIDING

4.1 Inleiding Bylaag B

4.1.1 Die vergadering neem kennis van Bylaag B (Teologiese beplanning - dd 2007-01-14) in sy geheel.

4.2 Wat gebeur tans in die kerk?

4.1.1 Die volgende sake word as belangrik geïdentifiseer:

- 'n Moontlike tema vir die jaar kan wees: Rus - Hoor - Leef : Om bewus te lewe;
- Kerkhereniging;
- Homoseksualiteit (verreken ook die nuwe huwelikswet);
- Hermeneutiek van die wêreld;
- Verhoudings;
- Missio Dei;
- Seisoen van Luister;
- Studiesentrum: vir lidmate, VBO en Begeleiding;
- *Push through the pain* - die noodsaak om deur die aanpassings van die oorgangstyd met sy groot veranderinge te beur ten spyte van die groot ongemak;
- Opleiding van lidmate;
- Predikant in Sinodale Diens ter wille van Begeleiding;
- Voortgesette Bedieningsonderrig.

4.2 Wat is die betekenis hiervan?

4.2.1 Die volgende betekenis word aan belangrike ontwikkelinge geheg:

- Ons benodig 'n kultuur van 'n "learning organisation" waar ons nie vooraf al die antwoorde het nie, maar leer soos ons vorder - ook deur ons Voortgesette Bedieningsontwikkeling;
- Missio Dei - die sending van God in die wêreld - die feit dat sending nie 'n kerklike funksie is nie, maar 'n attribuut van God, moet ons kerklike lewe sterk beïnvloed;
- Hoe kan sinode, ringe en gemeentes inskakel by die missio Dei in die Oos-Kaap?
- Dienskarakter van die kerk kom baie sterk na vore - dit moet ontwikkel word vanuit mense se gawes en toegespits word op diverse behoeftes;
- Insluiting van diegene wat tans nie deel is van die kerk nie - deur diens kom nuwe gemeenskap tot stand;
- Onvoorspelbare, aanpasbare verandering - aangesien ons nie altyd weet hoe ons self in die proses moet verander nie, moet ons leer en aanpassend verander;
- De-institusionalisering - mense vra nou nie meer na die kerkorde nie, maar na wat die Here sê;
- Institusionalisering - wat ons nou institusionaliseer is krities - ons behoort die kruisweg, diens, ontlediging te institusionaliseer;
- Kies teen mag - om mag te bly weggee;
- Wat gaan vorm gee aan ons Christelike verbeelding?
- Vorm saam met lydendes nuwe gemeenskap - sodat nuwe identiteit tot stand kom;
- Welker: Die Gees lei ons van 'n posisie van *self-referential* na *selflessness* en *listening to others*.
- Vestig 'n omgee-kultuur;
- Die kerk moet help om mense se pyn te bestuur;
- Opleiding van lidmate;
- Vorming van nuwe geloofsgemeenskappe;
- Ons visie is steeds relevant: Een, heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges.

4.3 Lees van 'n Teks

4.3.1 Die vergadering lees Handelinge 1:1-8 en deel met mekaar wat hulle gehoor het.

4.3.2 Gesprek word gevoer oor die bewegings van die Gees en die pad wat God ons wys:

- Opleiding van lidmate;
- Vorming van nuwe gemeenskap deur ekumeniese bedieninge;
- Sentrum vir VBO (Ring van Huumansdorp en die kampterrein by Eersterivier);
- Leierskap;
- Visie: een, heilige, algemene Christelike kerk - die gemeenskap van die heiliges;
- Getuies: die teks daag ons uit;
- Evangelisasie van die Jeug?
- Gebed?

5. SAKE VIR STRATEGIESTEOLOGIESE BEPLANNING

5.1 VBO vir predikante

5.1.1 Dr Frederick Marais van BUVTON lig die vergadering in oor ontwikkelinge op die gebied van Voortgesette Bedieningsonderrig.

5.1.2 VBO is 'n faset van die A-Z beleid vir predikante-bediening. By die volgende Algemene Sinode (2007) sal 'n voorstel dien om voortgesette bedieningsonderrig afdwingbaar te maak. Predikante sal hul bedieningsbevoegdheid verloor indien hulle nie aan die VBO-program deelneem nie.

5.1.3 VBO handel oor die predikant se bediening in die gemeente. Hy stel die agt waardes van die VBO-forum bekend.

5.1.4 Streeksinodes sal in die toekoms verantwoordelikheid moet neem om VBO te ontwikkel, te stimuleer en waar nodig daarvoor te kontrakteer.

5.1.5 Frederick nooi die sinode uit om 'n vennoot

te word in die vestiging van kapasiteit. Waar die sinode VBO-kapasiteit ontwikkel, kan dit met BUVTON en die ander rolspelers, Shepherd (Bloemfontein) en Excelsus (Pretoria), gedeel word.

5.1.6 Besluite:
5.1.6.1 'n Strategiese vennootskap met BUVTON word goedgekeur. So 'n vennootskap sluit nie ander strategiese vennootskappe uit nie.
5.1.6.2 Die detail van die vennootskap word deur die SK-Dagbestuur teen die derde kwartaal van Augustus 2007 gefinaliseer, sodat dit sinvol deel van die sinodale ritme en beplanning word.
5.1.6.3 Ds Barnard Steyn ontvang opdrag om die opleiding van fasiliteerders vir die roepingsretreat met BUVTON te koördineer.

5.2 Implementering van die nuwe sinodale postestruktuur Bylae C.1 en C.2

5.2.1 Die vergadering neem kennis van Bylaag C.1 (Notule van 'n vergadering van die Sinodale Kerkkantoor - dd 2006-12-07) en **besluit om die bespreking daarvan te laat oorstaan tot die SK-Dagbestuur van 8 Februarie 2007**.

5.2.2 Die vergadering bespreek Bylaag C.2 (Werwingsadvertensie Direkteur Begeleding - dd 2007-01-12).

5.2.2.1 Besluit:
***1 Kennis geneem dat die werwingsadvertensie na konsultasie met lede van die SK-Dagbestuur deur die voorsitter van die SK en DA gefinaliseer is.**
***2 Die advertensie verskyn in die volgende Kerkbode en is reeds wyd via die OosKaap eNuus versprei.**
***3 Dagbestuurslede wat aangedui het dat hulle oorweeg om vir die pos aansoek te doen, is uitgeskakel in die bepaling van die posbeskrywing en posvereistes, asook in die opstel van die advertensie.**

5.3 Opleiding van lidmate om onder toesig bedieningshulp te lewer

5.3.1 Die vergadering bespreek Bylaag D (Program vir die opleiding van lidmate wat bedieningshulp lewer - dd 2007-01-08) en neem die volgende besluite:

5.3.2 Besluite:
5.3.2.1 Die program en begroting word goedgekeur. Die totale koste om 'n leraar per ring vir drie kursusse op te lei, beloop R127,647. Dit sluit die koste van voorgeskrewe boeke uit.
5.3.2.2 Leraars word versoek om self voorgeskrewe boeke aan te koop. Daar kan met ringe oor die onkoste hieraan verbonde onderhandel word.
5.3.2.3 Befondsing geskied uit die Teologiese Studiebeursfonds.
5.3.2.4 Die Teologiese Studiebeursfonds bepaal die volle koste van een leraar per ring (R9,819) op voorwaarde dat indien 'n leraar, nadat hy/sy opgelei is, binne drie jaar nie meer beskikbaar is om met die opleiding van lidmate voort te gaan nie, hy/sy die helfte van die koste aan die Beursfonds terugbetaal en die betrokke ring die helfte van die koste om 'n nuwe leraar op te lei, betaal. Ringe sou sodanige koste by toekomstige ringsprojekte kon insluit.
5.3.2.5 Die vergadering keur die vorms goed wat die DA opgestel het om die proses te bestuur.

5.4 Die sinodale ritme vir 2007

5.4.1 Aanvulling van goedgekeurde datums Bylaag A

5.4.1.1 Die vergadering vul die goedgekeurde datums vir 2007 soos vervat in Bylaag A (Jaarbeplanning 2007 - dd 2006-11-23) aan met die opleidingsdatums vir die pastorale modules en neem kennis dat die ringskommissies op die naweek van 2-3 Maart 2007 te Cradock sal vergader.

5.4.2 Besluite re Bosberade

5.4.2.1 Gesprek word gevoer oor die beplanning vir die bosberade, en die volgende besluite geneem:

5.4.2.2 Besluite:
***1 Die moderatuur en Barnard Steyn (BNet) neem die bosberade waar.**
***2 Ringsleraars word na die bosberade genooi.**
***3 Die bosberade vind op die volgende datums en plekke plaas:**
6 Maart - Port Elizabeth
7 Maart - Uitenhage
19 Maart - Cradock
20 Maart - Queenstown
***4 Die DA sal die logistieke reëlings hanteer.**
***5 Die skriba skryf 'n opsomming van die inhoud van vandag se strategiese teologiese beplanning en stuur dit na ringsleraars. Ringe word ook meegedeel dat ons graag na verhale oor gebeure in die ringsgemeentes en die verloop van die ringsprojekte wil hoor.**
***4 Chris van Wyk en Barnard Steyn sal 'n voorlegging by die SK-Dagbestuursvergadering van 8 Februarie doen oor die proses en inhoud van die Bosberade.**

5.4.3 Algemene Sinode

5.4.3.1 Gesprek word gevoer oor die noodsaak dat lede van die Oos-Kaapse afvaardiging na die Algemene Sinode voor en na die sinode gesprek voer.

5.4.3.2 Besluit om sodanige geleenthede te

probeer inpas sodra die reisreëlings bekend is.

5.5 Kerkhereniging

5.5.1 Kennis geneem dat na gesprek met die VGK die byeenkoms van ringskommissies bepaal is vir 2 tot 3 Maart 2007 te Cradock.

5.5.2 Ringskommissies wat nie deur lidmate van die familiekerke op Cradock geakkommodeer kan word nie, sal op eie koste hul eie verblyf in gastehuise of hotelle moet reël. Dit is vir een nag. Met die oog hierop voorsien die gashere die skriba van 'n lys kontakbesonderhede van gastehuise en hotelle op Cradock.

5.5.3 Die datum van die volgende vergadering van die UK Oos-Kaapse Konvent vir Eenheid skuif van 31 Januarie tot 7 Februarie, steeds om 15:00.

5.6 Rekonsiliasie van die Salarisrekening Bylaag E

5.6.1 Die DA stel Bylaag E (Ouditeure se rekonsiliasie van salarisrekening 1 Okt 2001 tot 28 Feb 2007 - dd 2007-01-17) tot beskikking van die vergadering.

5.6.2 Besluit: Bylaag E word sonder bespreking na die Sinodale Diensverhoudingekommissie verwys met die oog op 'n aanbeveling aan die SK-Dagbestuursvergadering van 8 Februarie 2007.

6. ANDER SAKE

Geen.

7. VERDAGING

7.1 Die SK-Dagbestuur word gesuiwer van lede wat aangedui het dat hulle belangstel in die pos van Direkteur Begeleiding en vergader verder as Werwingskomitee van die Sinodale Kommissie.